

Gereformeerde Kerk Bellville – 1 Oktober 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 8:2, 3, 4 (p. 31)

- 2 U het, o HEER, wat troon oor alle dinge, / uit kindertaal en stem van suigelinge
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg / wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.
- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:5, 7 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Skriflesing: Job 38 en 39

Kernverse: Job 38:1

Daarna het die HERE Job uit 'n storm geantwoord.

(Job 38:1 AFR53)

Tema: Die oneindige groot HERE praat met sy kind

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, mense het oor die dekades in die gewoonte geraak om alles aan die wetenskap te onderwerp. Mense wil verstaan hoe dinge werk. Volgens menslike logika het alles wat gebeur 'n oorsaak, en vir elke oorsaak is daar 'n gevolg. Dit is vir mense 'n frustrasie as hulle nie kan verstaan hoe iets werk of hoekom iets gebeur het nie.

Hierdie begeerte om te weet wat die oorsaak van 'n gebeurtenis is, is al by klein kindertjies teenwoordig. In 'n stadium van 'n kind se grootword, kom hulle op 'n stadium dat hulle aanhoudend vra: Hoekom? Natuurlik is dit deel van 'n kind se ontwikkeling om so aanhoudend vrae te vra soms tot vervelens toe vir grootmense. Maar natuurlik is die baie vrae van 'n kind nie net 'n ontwikkelingsstadium vir die kind nie maar ook vir die grootmens. Dit is dan die tyd vir 'n grootmens om geduld aan te leer, en die gelowige grootmens sal agterkom met hoeveel geduld die Here al die mens se vrae en soms verwyte moet aanhoor.

Dit is mos aan die Here wat die grootmense hulle baie vrae oor hoekom en waarom vra. En dan word daar honderd en tien keer oor dieselfde ding vir die Here gevra waarom en hoekom. Mense wil weet waarom die Here dinge in hierdie wêreld doen of hoekom Hy nie iets doen nie – hoekom het die Here dit so min laat reën hier by ons en waarom het Hy die Karibiese eilande en dele in Amerika oorstrom?

Sommige mense is nie tevrede om maar net vrae te vra nie. Hulle werk modelle uit om vir hulle die dinge te verklaar waaroor hulle vrae het. Die populêre antwoord deesdae vir al die ongewone natuurverskynsels is aardverwarming en klimaatsverandering. Met sulke modelle maak die mens vir homself die moeilik verstaanbare dinge logies. Dat ongelowiges sulke modelle ontwerp om die onverklaarbare dinge vir hulleself verstaanbaar te maak is te wagte, want hulle ken nie die Here as die almagtige God wat oor alles regeer nie. En sommige wil Hom nie ken nie, want dan moet hulle ook erken dat Hy oor hulle regeer en dit wil die ongelowige nie erken nie.

Broers, susters en kinders, in die boek Job vertel die Heilige Gees die gelowige leser van die reis waarop die Here sy dienskneg Job geneem het. Die Here se reis met Job het vir Job met 'n slag begin. Binne oomblikke is hy ontnem van kinders en alle besittings. En kort daarna is hy van sy gesondheid ook ontnem. As lesers het ons die voordeel bo Job dat ons weet hoe dit aangeloop het tot hierdie reis wat die Here met Job onderneem het. Daar was 'n gesprek tussen die Here en die duiwel waarvan Job niks geweet het nie.

In ooreenstemming met die Here se getuienis aangaande sy dienskneg het Job die rampe gelowig aanvaar. Hy het bely dat die goeie sowel as die slegte uit God se vaderhand kom. En omdat dit uit God se vaderhand kom, kan die gelowige dit aanvaar. Toe het daar drie vriende opgedaag om medelye met Job te betoon. Vir sewe dae en nagte het hulle in stilte by Job gesit. Na sewe dae het dit vir Job te veel begin word. Hy het begin praat en sy geboortedag vervloek.

Hierdie woorde van Job was so 'n groot skok vir sy drie vriende dat hulle nie kon stilbly nie. Die een vriend na die ander het 'n lang gesprek met Job waarop Job dan elke keer antwoord. Die drie vriende was so geskok deur die woorde van Job dat hulle genoodsaak gevoel het om God se regverdigde optrede te verdedig. Maar dan maak hulle die fout wat baie mense soms maak. Hulle het 'n model waarvolgens God met Job werk. In hulle model kan God onmoontlik onregverdig wees – en dit is heeltemal waar. Maar dan gaan hulle verder. Aangesien God regverdig is en dit nou met Job so sleg gaan, kan daar net een verklaring voor wees – Job het gesondig en God straf hom nou.

Volgens hierdie model van die drie vriende is God klein en berekenbaar. God se optrede met die mens kan bereken word – Hy straf die sonde en Hy beloon 'n gehoorsame mens. Job is vir hulle 'n duidelike voorbeeld van hierdie berekenbare model om God se werk te verstaan. Vir Job bly daar net een ding oor om te doen – hy moet sy sonde aan die Here bely en hom daarvan bekeer, dan sal dit weer met hom goed gaan.

Job sê by geleentheid dat God baie groter is as wat sy vriende Hom voorstel. Luister net hoe groot is die God in die woorde van Job:

Die plek van die dood lê oop voor God, niks bedek die doderyk vir Hom nie. God sprei die hemel uit oor die leë ruimte, Hy laat die aarde hang waar niks is nie. Hy versamel die water in die wolke, en hulle skeur nie onder die las nie ... Deur sy krag bring Hy die see tot rus, deur sy insig verpletter Hy vir Rahab! Met die wind waai Hy die lug skoon, met sy krag deurboor Hy die seemonster. Dit is maar die begin van sy dade, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy dade, wie kan dit verstaan? (Job 26:6-8, 12-14 AFR83)

God is verseker nie so klein en berekenbaar soos die vriende Hom aan Job voorgestel het nie. En Job het verlang dat hierdie grote God aan Hom 'n antwoord sou gee. Job het ook geworstel om te verstaan hoekom die dinge met hom gebeur het soos wat dit plaasgevind het. Hy het na 'n verklaring gesoek, want die verklaring wat die vriende aan hom voorgedien het, is beslis nie die waarheid nie.

Job het nog baie woorde gepraat tot sy verdediging. Ongelukkig het hy in sy frustrasie om begrip te verkry oor die dinge wat met hom gebeur het ook woorde gesê wat eerder nie gehoor moes word nie. Hy het selfs die werke van die Here verwy. En dan skielik kry Job die geleentheid om sy saak aan God te stel. Die Here daag hom daartoe uit. Uit 'n stormwind het die Here met Job gepraat.

Geliefdes, voordat ons kan hoor wat uit die woorde van die Here vir Job en vir ons duidelik word, moet ons net eers by ons kernvers stilstaan. Die Here maak Homself met verstaanbare woorde aan Job bekend vanuit 'n stormwind. Die Here het Hom meermale in die verlede so aan die mens bekend gemaak. Dink maar net aan die donderslae en blitse toe die Here met Israel by die berg Sinai gepraat het. Met die stormwind waaruit Job die Here hoor praat, beklemtoon die Here sy grootheid en majesteit. Hy kom naby aan sy mens, maar Hy is so oneindig groot dat die mens Hom nie kan aanskou nie. Die mens hoor net sy stem.

Let ook op na die Naam van die Here in hierdie vers. Dit is die Verbondsnaam van die Here – *HERE* met hoofletters. Aan die begin van die boek Job lees ons van die Here en daar word ook sy Verbondsnaam – *HERE* – gebruik. Met sy Verbondsnaam herinner die Here die mens dat Hy Homself persoonlik aan mense verbind het toe Hy gesê het: Ek is julle God. Maar van Job 3 tot 37 word die Verbondsnaam van God nie genoem nie. Job se vriende praat van *God die Almagtige*. Die Naam *Almagtige* dui onder andere aan dat die Here sorg waar en wanneer daar menslik gesproke nie meer hoop en krag is nie. So het Jakob vir Benjamin aan God die Almagtige toevertrou toe hy gesien het dat hy Benjamin nie langer van Josef af kan weghou nie. Maar in die woorde van die drie vriende kry die Naam *God die Almagtige* 'n ander betekenis. Met hierdie Naam het hulle eerder die oneindige groot afstand tussen die Here en die mens beklemtoon. Deur hulle woorde het God onpersoonlik vir hulle geword.

Nou praat die Here as Verbondsgod met Job. Hy is dieselfde Here wat uit genade en liefde vir sy mense Homself aan hulle verbind en sê: Ek is julle God. Die Here het Job nie verlaat soos hy gevrees het nie. Hy praat persoonlik met Job, want Hy het Hom aan Job

verbind. Vir Job het dit gelyk of die Here hom verlaat en vergeet het. Die Here het dit nie gedoen nie. Dat God vir 'n tyd lank stil was en oënskynlik Homself vir Job verberg het, was alles deel van God se heilige plan. Job het 'n geloofsreis gehad en nie 'n besigtigings-toer nie.

Ook in die donker van oënskynlike Godverlatenheid kan jy as gelowige bly vertrou en jou hande uitgestrek hou na God, al voel dit nie vir jou of sy liefdevolle hand rondom jou is nie. Geloof is nie om te sien nie maar om te weet en te vertrou dat God ook daar in die donker by jou is, en ons kan dit weet, want die Heilige Gees werk die geloof in ons harte sodat ons in die donker kan bly vertrou. Die Here was nooit van Job af weg nie, Hy was die hele tyd by hom. Hy maak maar nou eers sy teenwoordigheid ook aan Job bekend.

Luister 'n mens aandagtig na die woorde wat die Here tot Job gespreek het, hoor 'n mens niks van 'n verduideliking oor wat met Job gebeur het nie. Die Here doen nie verantwoording aan Job oor die geloofsreis waarop Hy vir Job geneem het nie. Die Here gee ook nie die vriende gelyk dat Hy regverdig is nie. Nog minder gee die Here aan Job gelyk dat hy onskuldig is aan enige sonde. Vir die mens wat gewag het dat die Here iets gaan verduidelik oor wat met Job gebeur het, sal beslis teleurgestel word.

As die Here dan nie antwoord soos 'n mens verwag nie, wat word dan uit hierdie woorde van die Here duidelik? Watter troos kry die gelowige, soos Job, uit hierdie woorde van die Here? Job het vroeër aan sy vriende gesê dat die Here groter is as wat hulle Hom wil voorstel. Met hierdie vrae wat die Here aan Job stel, neem Hy hom op 'n reis deur die skepping. Dit is 'n reis wat begin by die skeppingswerk van die Here aan die begin. Die reis gaan dan oor die regering van die Here oor die dae en seisoene, oor die see en die hemelruimtes. En dan maak die reis 'n draai deur die dierelewe.

Die eerste wat duidelik word uit al hierdie vrae aan Job is dat die Here eintlik nog baie groter is as wat Job Hom voorgestel het. Die Here se werk is op so 'n groot skaal dat dit vir die mens onmoontlik is om dit te bevat. Al die dinge wat die Here in die vrae aan Job noem, is gelyktydig in sy hand en op een slag regeer Hy oor al hierdie dinge – van die see tot hemelruimtes, oor die reën en die geboortes van wildsbokkies. Vir geen oomblik is enigiets van hierdie dinge uit die Here se hande nie.

Dit is ook nie net die dinge wat met Job gebeur het wat vanuit die mens se oogpunt onverklaarbaar is nie. Die Here doen ander dinge ook wat eenvoudig nie in die mens se logika inpas nie. Hy laat dit byvoorbeeld in die woestyn reën waar daar nie 'n enkele mens woon nie. Op 'n droë, dor land laat die Here dit reën sodat die grond deurnat word en groen gras uitspruit. Vir wie, wil 'n mens vra, doen die Here dit? Hy doen dit vir Homself. Hy verlustig Hom in die werk van sy hande. Hy verfraai sy skepping vir Homself.

En wat nog uit hierdie vrae van die Here duidelik word, is dat die mens agterkom dat hy regtig nie so groot en so belangrik is as wat hy so dikwels van homself dink nie. In werklikheid is die mens maar 'n klein stofdeeltjie in die ganse skepping van die Here. Die mens is beslis nie so belangrik dat die Here aan hom enige verduideliking oor sy werk verskuldig is nie. Die Here is werklik groter as sy hele skepping wat Hy volmaak regeer en onderhou. En aan hierdie Here is die mens gehoorsaamheid en diens verskuldig. Voor Hom kan die mens alleen maar net buig en erken dat Hy God is. Die Here bly altyd vir die mens die onbegryplike God – die Here word nie in 'n model ingedwing sodat die mens vooruit kan weet wat die Here se optrede sal wees en die mens op hierdie wyse 'n greep op die Here kan kry nie.

Alhoewel die mens so klein is in die hele skepping van die Here, het Hy tog die mens as die kroon van sy skepping daargestel. Alhoewel die mens die Here so vertoorn het met sy

opstand en die Heilige Gees bedroef het, laat vaar die Here nie die werk van sy hande nie. Hy doen die gans onbegryplike vir die mens. Hy stuur sy geliefde Seun na hierdie wêreld om die mens uit die greep van die sonde en die duiwel te verlos. Dit doen die Here Jesus nie op die wyse wat mense verwag nie – nie met geweld nie – maar deur lyding en vernedering heen. Die verlossing van die mens gebeur nie deur 'n held op 'n perd nie, maar deur die Verlosser wat aan 'n kruis hang en sterf.

En wat vir mense onbegryplik is, doen die Here vandag weer. Hy kom maak sy teenwoordigheid in die lewe van sy verbondsdogter bekend. Hy kom sê vir 'n kind wat nog nie kan praat en redeneer nie: My dogter, Ek is jou God. Vir haar wat nog nie verstaan nie, kom sê Hy dat sy Seun ook Verlosser is en deur die geloof sal sy aan hierdie verlossing deel kan kry. En sy Gees wil in haar werksaam wees om alles wat Christus aan die kruis verdien het ook haar eiendom te maak, sodat sy op die laaste dag onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel kan word.

Hierdie beloftes wat die Here aan hierdie dogter maak, sal vir die ongelowige verregaande klink. Maar haar ouers en grootouers ken die Here wat hierdie beloftes maak. Hy is oneindig groot in barmhartigheid, genade en regverdigheid. Hy regeer en onderhou sy hele skepping op een slag, daarom kan Hy elkeen van hierdie beloftes aan haar ook waar maak.

Mag sy die Here wat sy verbond met haar bevestig leer ken en liefkry. En as daar dae aanbreek waarin sy ook spook met vrae oor die werk van die Here, mag die Heilige Gees haar ook met hierdie woorde van die Here aan Job verseker van sy trou en oneindige grootheid, sodat sy Hom kan aanbid.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 105:2, 5 (p. 514)

- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 111:1, 2, 5 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy dade^ois enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade^oin ewege skrif / vir al wie arm is en ellendig.
- 5 Hy het sy volk bevry, bewaak, / vir ewig sy verbond gemaak: / sy Naam is vreeslik, hoog verhewe.
Sy vrees is wysheids-aanbegin. / Kom wandel dan dié heilsweg in! / Aan Hom sy ewig lof gegewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.